KOERSVAS

Jaargang 12 Uitgawe 235
14 Februarie 2025

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

**In hierdie uitgawe:**

**Redaksioneel: Tyd vir afskeid?**
**Berigte: Lewensbrood 2025**
**GHG Bestuur**
**Predikanteberaad**
**Schweizer-Reneke 100**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

### Tyd vir afskeid?

Prediker vertel dat daar ‘n tyd vir elke ding onder die son is. So is daar ook sekere dinge wat in sekere tye plek het, maar nie inpas in ander tye nie.

Die mode-wêreld is die toonbeeld van kortstondigheid, en tegelykertyd toonbeeld van herhaling. Elke mode-gier word soms slaafs-, soms fanaties deur sekere groepe gevolg. Breë broekspype, ekstra-nou broekspype, kort rokkies, lang rokke, elke lengte tussenin. Klere wat so helder is jy kan hulle amper hoor, effe kleure wat skaars onderskei kan word van mekaar. Dekades later word dieselfde mode (met variasie) weer gewild.

Soos die wêreld verander, verander mense se smaak (binne ‘n spektrum). Behoeftes en gebruike verander ook. Sommige veranderings is herhalings, ander veranderings is drasties en meer permanent van aard. LED het die glas gloeilamp met filament binnekant uitrangeer. Die helderheid en verskeidenheid van lig geproduseer, asook die koste effektiwiteit van LED, het van die ou gloeilampe amper oorbodig gemaak. Die gebruik van hierdie gloeilampe is nou beperk tot hoender-boerdery en soortgelyke bedrywe. Die glas gloeilampe raak skaars en duur.

So is dit ook met beroepe. Elke dorp wat sy sout werd was het ‘n ystersmid/ hoefsmid gehad. Die rol van hoefsmid het baie verklein met die opkoms van die motorvoertuig. Dit is vandag ‘n spesialis bedryf met groot aanvraag wat min betaal. Die ystersmid is vervang deur massaproduksie en nuwe gereedskap. Dit is in velde soos messe maak en kunswerke produseer waar jy vandag mense sal vind wat weet hoe om die vaardighede van die ystersmid in te span. Elke omwenteling het sy slagoffers.

Ons staan te midde van ‘n nuwe omwenteling. Tot en met 1976 was skoliere beperk tot net ses Matriek vakke. Jy kon redelik kies uit die spektrum, maar jy is beperk tot net ses. Die dun punt van die wig wat hierdie inperking se ondergang bewerkstellig het, was die ontwaking van ‘n nuwe reus. Sekere uitnemende skoliere is uitgenooi om ‘n sewende vak op te neem; Rekenaarprogrammering. Uit daardie toegewing het die profiel van matrikulante verander tot hier waar daar kinders is met tien onderskeidings in matriek. Dit daar gelaat. Die ontwakende reus se impak sou veel groter wees as die skielike toelaat van meer as ses vakke.

Rekenaars, programme skryf, internet, toegang tot inligting, speletjies, die berging van inligting, kunsmatige intelligensie en vele meer het ‘n massiewe impak gehad op die gemeenskap en ons bestaan. Daar is werke wat baie lonend is en wat jy kan doen vanaf enige plek met toegang tot die internet.
Sekere bronne van inkomste het verdwyn. Die opkoms van Google het Ensiklopedie-verkopers se doppie geklink. Die drukpers as prestasie word geëwenaar deur die digitalisering van inligting. E-Boeke op kindle, selfs op tablette en selfone, het die drukbedryf teruggerem. Daar sal altyd die van ons wees wat nog daardie boek in die hand wil hou, wil blaai en terugblaai op eie manier. Sekere boeke gaan nooit weer dieselfde wees nie. Die logaritmiese groei van inligting maak enige boek met eietydse inligting en selfs geskiedenis in, binne jare – nie dekades nie - verouderd. Hierdie spronge wat tegnologie bring, het sy goed en kwaad.
Die kerk en ons uitleef van ons geloof het beslis ook die impak van tegnologie ervaar. Verswaktes en bejaardes, mense sonder vervoer en ander uitdagings is almal dankbaar vir die koms van die radio, die televisie, die internet en *WhatsApp* boodskappe. Dieselfde tegnologie is ook beskikbaar vir die luie mense van geloof wat nie die samekoms van gelowiges met dieselfde erns en ywer beskou nie. Vir diegene wat ernstig is oor suiwerheid van leer, bied die uitsending van behoudende eredienste ‘n welkome uitkoms in ‘n wêreld waar leer suiwerheid selfs deur kerke as vyand beskou word. In dieselfde asem moet ons onthou dat dieselfde tegnologie die geleentheid bied vir die wie se ore jeuk om aardighede aan te hoor, dit in oorvloed te kan kry. Soos met soveel ander dinge, is die belangrike die regte aanwending van die tegnologie tot ons beskikking.
Ons word egter daartoe genoop om tegnologie en ons reaksies aktief te bestuur. Ons keuses gaan bepaal of tegnologie opbouend is of nie. Soms beteken dit om moeilike keuses te moet maak. Op eie werf is dit nou die geval.
Lewensbrood 2025 was die 14e uitgawe van die GHG se publikasie met inligting en oordenkings. Die GHG se lidmaat getalle het nie veel verander nie. Die prys van die publikasies het skaars gestyg in die veertien jaar. Tog het die verspreiding van die Lewensbrood afgeneem. Van 1300 aanvanklik na ongeveer 800 verlede jaar en ongeveer 700 hierdie jaar. Daar is een duidelik aanduibare faktor wat ‘n ompak gehad het op ons publikasie.
Die impak van *Covid* 19 kan nie onderskat word nie, op die benadering van die gemeenskap, ons gesondheid, ons vlakke van opvoeding en vele meer. Uit die inperkings is gebore die verspreiding van daaglikse oordenkings. Hierdie oordenkings - opgeneem deur die Bond se predikante – geniet internasionale aandag. Daar is ‘n aanduibare korrelasie tussen die afneem van die aanvraag vir die Lewensbrood en die voortgesette aanvraag en gevolglike aandrang op die daaglikse elektroniese oordenkings in klank formaat.
Hierdie is nie die aankondiging van ‘n besluit wat geneem is nie. Lidmate en ampsdraers word uitgenooi om deel te neem aan die gesprek. Beskikbaarheid van oordenkings, gemaklikheid voorkeure van lidmate, ‘n (moontlike) luiheid om te lees en ander faktore moet in ag geneem word in die besluite wat geneem moet word. Dit word al hoe meer duidelik dat

die oordenkings in direkte kompetisie staan met Lewensbrood. Volhoubaarheid is ‘n belangrike konsep om ons optredes en keuses te rig. Sentiment, lojaliteit en tradisie gaan nie Lewensbrood in die toekoms finansieel lewensvatbaar maak nie.

Dr. J Otto

# BERIGTE

## GHG BESTUUR

Die bestuur van die GHG het op 7 Januarie 2025 vergader om enkele sake van belang te bespreek. Die twee-jaarlikse Bondsvergadering (14-16 September 2025) word hierdie aangebied deur Bloemhof. Daar vind daardie selfde naweek ook ‘n groot hengel-kompetisie plaas by Bloemhof-dam. Die Bestuur het aanbeveel dat die datum behou word en dat gemeentes aangemoedig word om sou gou doenlik besprekings vir hulle afgevaardigdes se akkommodasie te maak. Gemeentes word versoek om reeds in die eerste kwart van die jaar beskrywingspunte op te stel en aan die skriba te stuur. Die Bond se dames sal ook tydens die geleentheid byeen kom. Inligting daaroor sal mettertyd versend word.

## PREDIKANTEBERAAD

Geagte Kerkraad, Leraar,

Neem kennis van die jaarlikse Predikanteberaad wat plaasvind op 6 - 7 Maart 2025. Die eerste konsep dokument met Kerkordelike reëlings vir bespreking is aan predikante versend. Elke predikant moet die toepaslikheid in eie konteks as riglyn gebruik. Die volgende insette is van belang:

Die Kuratorium word versoek om in terme van hulle werksaamhede en veld van gesag en hulp voorstelle te maak vir bespreking.

Die Ledekomitee word versoek om sy hele veld van arbeid, ook in terme van akkreditasie en samestelling te verwoord.

Die Skriba sal in terme van die bestuurkomitee sy en die komitee se werksaamhede en gesag verwoord.

Premiermyn sal aandag skenk aan griewe prosedures, dissipline prosedures en ‘n voorgestelde dienskontrak (ingesluit pligstaat/gedragskode). Hierdie laaste drie dokumente sal eers op 'n later stadium beskikbaar wees.

Daar is opregte waardering vir almal wat insette gelewer het en sal lewer. Die gemeentes sal voortdurend op hoogte gehou word.

## Schweizer-Reneke 100

Schweizer-Reneke 1925-2025.

Gemeente Schweizer-Reneke het die voorreg om vanjaar hul eeufees te kan herdenk. Die gemeente is op 15 Mei 1925 gestig. Die Gereformeerde kerk in die dorp het goedgunstiglik hul kerkgebou beskikbaar gestel vir die geleentheid. Die stigting van die gemeente het so verloop:

Op Vrydagmiddag 15 Mei 1925, om drie-uur, kom gemeentelede van Afdeling Schweizer-Reneke in die Gereformeerde kerkgebou te Schweizer-Reneke byeen. Ds. PJJ Venter verwelkom gemeentelede asook die kommissie van die Westelike Streek. Teenwoordig was: di. GE Alers (Lichtenburg), DF Erasmus (Voorsitter – Westelike streek) asook ouderlinge AJG Oosthuisen (Losberg), KN de Kock (Ventersdorp) en H Fouché.

Ds. Alers open die vergadering met gebed. Ds. Erasmus verwys na die ringskommissie se opdrag dat Afdeling Schweizer-Reneke ’n selfstandige gemeente word, waarna hy bevestig dat

die kerkrade van omliggende gemeentes teenwoordig is. Hierna vra ds. Venter of die kerkrade van die omliggende gemeentes instem tot die afstigting en almal verleen toestemming.
Dit word bevestig dat gemeente Schweizer-Reneke voorlopig in kombinasie met Delareyville sal wees en nie bloot ŉ konsulentsgemeente nie. Die leraar van Delareyville gemeente sal beide gemeentes bedien. Die konsulent van Schweizer-Reneke gemeente word verkies en benoem, naamlik ds. SJ Strydom van Makwassie.
Ds. DF Erasmus, voorsitter van die ringskommissie, verklaar Afdeling Schweizer-Reneke tot afsonderlike en selfstandige gemeente van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Hy sluit voorts die vergadering af met samesang en ŉ gebed.
Op Saterdag 16 Mei 1925 vind die nuutgestigte gemeente se eerste gemeentevergadering plaas. Ds. PJJ Venter verwelkom die gemeente en wens hulle geluk met hulle verhoogde status as selfstandige gemeente. En van daar het die werksaamhede in die gemeente voort gegaan – soms onder baie moeilike en uitdagende omstandighede maar steeds met God se groot genade.
Gemeente Schweizer-Reneke is voorwaar geseënd om vanjaar hul eeufees te kan vier. Dit is met opregte nederigheid en dankbaarheid dat ons deel kan wees van die wonderlike geleentheid in ons gemeente se geskiedenis.
Die gemeente beplan ŉ feesnaweek gedurende 15-18 Mei 2025. Hiermee rig ons ŉ uitnodiging aan alle lidmate wat bande het met die gemeente Schweizer-Reneke asook belangstellendes om die geleentheid te kom bywoon. Aan God die eer.

**Feesprogram**

**15 Mei** (Donderdag om 18:00) – Stigtingsdag van Gemeente
· Oordenking.
· Geskiedenis vertelling.
· Blyke van waardering aan ou(d)-lidmate
· Inwyding van Gemeente-argief
· Bekendstelling van Eeufeesbundel.
· Skaapbraai, pap, brood en slaai.

**16 Mei** (Vrydag om 18:00)
· Skriflesing en gebed
· Onthulling van Gedenkstene
· Gemeente/gemeenskapskonsert
· Sop en Brood

**17 Mei** (Saterdag om 18:30)
· Gedenkdiens & Belydenis van Geloof (ds. Hardie)
· Groeteboodskappe
· Oorhandiging van geskenke aan ere-gaste
· Vingerete

**18 Mei** (Sondag om 10:00)
· Nagmaal (diens deur ds. Rudi)
· Danksegging (diens deur ds. Piet Rautenbach)
· Gemeente-ete

## KENNISGEWINGS

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame-plakkate en ander drukwerk
**ella@teamworkprinters.com**